

ST. LOUIS & ST. ZÉLIE MARTIN

12 JULIE

(St. Louis 1823-1894 & St. Zélie 1831-1877)



Hierdie merkwaardige ouers van die heilige Thérèse van Lisieux het soveel om vir gelowige ouers te leer. Louis is in Bordeaux gebore en bekwaam homself as horlosiemaker. Zélie was 'n kantwerkster en hulle tree in 1858 in die huwelik. Uit hierdie huwelik is nege kinders gebore, waarvan vier jonk oorlede is. Hulle huislike lewe was gegrond op die Evangelie van Jesus Christus en dit was tuis dat hul kinders geleer het wat Christenskap alles behels. Daaglikse gebed was die hoeksteen van alles wat in hul tuiste gebeur het en hulle het hul kinders die avontuur van die geloof geleer deur die Bybelverhale en lewens van die heiliges 'n werklikheid vir hulle te maak. Zélie sterf aan borskanker en daarna het Louis en sy gesin na Lisieux verhuis waar sy broer en skoonsuster hom met die kinders se opvoeding bygestaan het.